

6 Februarie

Deuteronomium 11:1-12 (OAV)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 11:2 (OAV)

Groot is God in die onderrig en opvoeding van sy volk

Israel staan op die grens van die beloofde land. Hulle gaan die Jordaanrivier deurtrek en die land in besit neem. Dan is daar die roepstem van hulle leier Moses. Verbondsvolk van God: Onthou, onthou, onthou die mag en grootheid en die Wet van ons God wat ons deur die woestyn gelei het. Hy wat ons verlos het deur groot en magtige dae. Verlossingsdade!

En onthou hoe Hy hulle wat ongehoorsaam was, met sy magtige hand getref het. God is groot in sy oordeelsdade. Laat dit vir julle 'n les wees. Nee, julle kinders kan dit nie onthou nie, want hulle het dit nie beleef nie. Maar julle, die vaders en moeders, die oupas en oumas wel. Onthou God se groot dae.

Dade van verlossing, maar tegelyk dae van tugtiging toe julle ongehoorsaam was. Ja, sy oordeelsdade oor hulle wat Hom teenstaan, maar tegelyk vir sy volk verlossingsdade en opvoedingsdade. Tugtiginge om julle op die weg te hou totdat julle die beloofde land sal ingaan. Opvoedingsdade van julle Verbondsgod om julle te laat onthou en gehoorsaam te wees. Onthou dit as julle die beloofde land intrek!

Sien ons nog God se groot dae in ons lewens, in die geskiedenis? Ook die geskiedenis van sy kerk? Nie net in die aangename dinge nie, maar ook in sy tugtiginge? Beleef ons die onaangename dinge nog as God se opvoedingswerk aan ons en nie as die straf van 'n regter nie?

Maar waarom is dit dan nie God se straf nie? Ja, wel vir hulle wat God se grootste en magtigste daad verwerp. Die koms van sy Seun as mens om God se straf op Hom te neem. Onder sy oordele het Hy uitgeroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt 27:46). Deur hierdie groot verlossingsdaad is sy groot en magtige dae nie meer straf nie, maar tugtiginge. Opvoedingswerk aan elkeen wat waarlik in sy verlossingsdaad deur Christus glo.

Loof die grote God, my siel! Vergeet nie sy opvoedingsdade in jou lewe nie.

Ds AJ Coetsee (Emeritus)

